# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


***… waar kind nog kind kan wees …***

31/2023

10 Oktober 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie welkom aan almal aan die begin van die vierde kwartaal. Alhoewel dit menslik is om te wonder wat die kwartaal vir ons mag inhou, plaas ons ons hoop op ons Hemelse Vader om vir ons te lei in hierdie kwartaal. Baie sterkte aan almal.

Maak gerus gebruik van my oop-deur-beleid indien u enige iets onder my aandag wil bring – dit is belangrik om 'n navraag/onduidelikheid so gou moontlik uit te sorteer en dit kan net deur middel van oop kommunikasie geskied.

Ek wil die volgende **drie belangrike geleenthede** onder u aandag bring:

- **Donderdag, 26 Oktober 2023: Beheerliggaam Algemene Jaarvergadering** – op hieride vergadering moet ouers die skool se begroting vir 2024 goedkeur. Dit is belangrik dat u dit bywoon, nie net om die begroting goed te keur nie, maar om bewus te word daarvan dat skole se begrotings onder geweldige druk verkeer. Sodoende kan u ook die "groter prentjie" van ons skool se finansies kry. Sien elders in hierdie Mikrofokus 'n uiteensetting van twee voorgestelde begrotings vir 2024. **Die eerste begroting sluit die installasie van 'n kragopwekker uit (sien punt 6 & 7) en die tweede begroting sluit die installasie van 'n kragopwekker in (sien punt 6 & 7).**

- **Dinsdag, 31 Oktober 2023: Inligtingsaand oor die verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam vir ons skool, wat in Maart 2024 plaasvind –** met vele uitdagings wat skole in die gesig staar, is die rol van 'n effektiewe, funksionele beheerliggaam uiters belangrik. Alhoewel ons 'n paar ouers na hierdie geleentheid gaan uitnooi, is die vergadering van die 31ste, **oop vir enige ouer om by te woon**. Ons sal u daaraan herinner en vra dat u nader aan die tyd vir ons laat weet indien u dit gaan bywoon (net ter wille van getalle).

- **Dinsdag, 7 November 2023:** Verkiesing van die Ondersteunersklubkomitee (MK50) – ' n nominasieproses vir die verkiesing van hierdie komitee het plaasgevind en die genomineerdes sal wel deel van hierdie proses wees. Ons wil egter nóg ouers die geleentheid gee om dit te oorweeg en ons sal meer inligting oor die proses en oor die pligte en rol van hierdie komitee binnekort aan u deurgee.

Juf. Thealize Blake (4.4) het besluit om aan die einde van vanjaar die onderwys te verlaat en maak dus na 10 jaar klaar by Mikro. Die proses om die pos te vul, het reeds begin en daar sal later op 'n gepaste wyse van haar afskeid geneem word.

Oktobermaand se ***WAARDE*** wat ons by die leerders wil tuisbring, is ***GEDULD***. Dit is iets waarmee ons seker almal van tyd tot tyd sukkel en dikwels veroorsaak ongeduld dat mense se verhoudings skade ly. Die uitdaging vir ons as volwassenes is om ons kinders te leer om in alle situasies geduldig te wees, want hulle kyk hoe ons optree, veral as ons geduld getoets word. Mag ons hierdie maand die regte *geduldige* voorbeeld vir ons kinders stel.

# LAERSKOOL MIKRO

## BEGROTING 2024: OPSOMMING

| BESKRYWING | 2023 BEGROOT | 2023 PROJEKSIE | P2023 / B2023 AFWYKING | Nota | 2024 BEGROOT | B2024 / B2023 Afwyking | Nota |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skoolfonds, Korting, Pakket- & Musiekgelde | 14 297 604 | 13 412 235 | -6.2 | | 14 954 398 | 4.6 | 6 |
| Slegte skulde | -1 520 245 | -2 005 000 | 31.9 | 1 | -2 146 106 | 41.2 | |
| Korting vir jaarlikse betaling | -47 604 | -70 235 | 47.5 | | -51 534 | 8.3 | |
| Staatsinkomste | 641 376 | 364 221 | -43.2 | 2 | 327 834 | -48.9 | |
| **ONDERRIG TOTAAL** | **13 371 131** | **11 701 221** | -12.5 | | **13 084 591** | -2.1 | |
| Fondsinsamelings | 412 200 | 475 247 | 15.3 | | 461 000 | 11.8 | |
| Verkope, Tantieme & Projekte | 43 195 | 43 195 | - | | 108 000 | 150.0 | |
| Ander inkomstes | 813 113 | 669 675 | -17.6 | 3 | 743 816 | -8.5 | |
| **NIE-ONDERRIG TOTAAL** | **1 268 508** | **1 188 117** | **-6.3** | | **1 312 816** | 3.5 | |
| **INKOMSTE TOTAAL** | **14 639 638** | **12 889 338** | **-12.0** | | **14 397 408** | **-1.7** | |
| Administratiewe Uitgawes | 1 854 053 | 1 847 202 | -0.4 | | 2 005 144 | 8.1 | |
| Munisipale Dienste | 646 030 | 655 425 | 1.5 | | 748 130 | 15.8 | |
| Herstelwerk & Instandhouding | 808 774 | 852 159 | 5.4 | | 714 232 | -11.7 | |
| **ADMINISTRASIE TOTAAL** | **3 308 857** | **3 354 786** | **1.4** | | **3 467 506** | 4.8 | |
| Salarisse, Lone & heffings | 9 066 701 | 7 841 848 | -13.5 | 4 | 8 422 955 | -7.1 | |
| Sport, Kultuur, Aanbiedings & Verenigings | 948 109 | 943 078 | -0.5 | | 1 062 003 | 12.0 | |
| Handboek & Onderrig Uitgawes | 471 068 | 508 401 | 7.9 | | 444 793 | -5.6 | |
| **ONDERRIG-UITGAWE TOTAAL** | **10 485 878** | **9 293 327** | **-11.4** | | **9 929 751** | -5.3 | |
| Waardevermindering | 0 | 0 | - | | 0 | - | |
| Ander uitgawes | 46 435 | 45 935 | -1.1 | | 57 805 | 24.5 | |
| Kapitaal projekte | 598 469 | 731 007 | 22.1 | 5 | 942 345 | 57.5 | 7 |
| **NIE-ONDERRIG UITGAWE TOTAAL** | **644 904** | **776 942** | **20.5** | | **1 000 150** | 55.1 | |
| **UITGAWE TOTAAL** | **14 439 640** | **13 425 055** | **-7.0** | | **14 397 407** | **-0.3** | |
| **Oordrag na Reserwe** | **-200 000** | **0** | | | **0** | **-100.0** | **8** |
| **NETTO INKOMSTE/(TEKORT)** | **-1** | **-535 717** | | | **1** | | |

**Notas tot Begroting 2024**

| | |
|---|---|
| 1 | Slegte skuld en verhoogde wanbetaling by ouers het vereis dat groter aantal rekeninge vir invordering verwys is. |
| 2 | Verminder weens betaling van Graad R salarisse deur WKOD. |
| 3 | Nasorg bring addisionele inkomste. |
| 4 | Graad R salarisse word betaal deur die departement. |
| 5 | Opgradering van die seuns badkamers is voltooi. |
| 6 | Befondsing van kragopwekker se installasiekoste is hier uitgesluit. |
| 7 | Installering van kragopwekker word uitgesluit in hierdie voorgestelde begroting. |
| 8 | Reserwefonds word geskep vir die toekomstige uitbreiding van die nasorg by die skool. |
| | |

| | |
|---|---|
| A | Die voorstel is dus om skoolfonds te verhoog van R1,630 pm (11 maande) na R1,795 pm of dan R19,745 per jaar of 10,12% |

# LAERSKOOL MIKRO

## BEGROTING 2024: OPSOMMING

| BESKRYWING | 2023 BEGROOT | 2023 PROJEKSIE | P2023 / B2023 AFWYKING | Nota | 2024 BEGROOT | B2024 / B2023 Afwyking | Nota |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skoolfonds, Korting, Pakket- & Musiekgelde | 14 297 604 | 13 412 235 | -6.2 | | 15 895 369 | 11.2 | 6 |
| Slegte skulde | -1 520 245 | -2 005 000 | 31.9 | 1 | -2 333 775 | 53.5 | |
| Korting vir jaarlikse betaling | -47 604 | -70 235 | 47.5 | | -54 836 | 15.2 | |
| Staatsinkomste | 641 376 | 364 221 | -43.2 | 2 | 327 834 | -48.9 | |
| **ONDERRIG TOTAAL** | **13 371 131** | **11 701 221** | -12.5 | | **13 834 592** | 3.5 | |
| Fondsinsamelings | 412 200 | 475 247 | 15.3 | | 461 000 | 11.8 | |
| Verkope, Tantieme & Projekte | 43 195 | 43 195 | - | | 108 000 | 150.0 | |
| Ander inkomstes | 813 113 | 669 675 | -17.6 | 3 | 743 816 | -8.5 | |
| **NIE-ONDERRIG TOTAAL** | **1 268 508** | **1 188 117** | **-6.3** | | **1 312 816** | 3.5 | |
| **INKOMSTE TOTAAL** | **14 639 638** | **12 889 338** | **-12.0** | | **15 147 408** | **3.5** | |
| Administratiewe Uitgawes | 1 854 053 | 1 847 202 | -0.4 | | 2 005 144 | 8.1 | |
| Munisipale Dienste | 646 030 | 655 425 | 1.5 | | 898 130 | 39.0 | |
| Herstelwerk & Instandhouding | 808 774 | 852 159 | 5.4 | | 714 232 | -11.7 | |
| **ADMINISTRASIE TOTAAL** | **3 308 857** | **3 354 786** | **1.4** | | **3 617 506** | 9.3 | |
| Salarisse, Lone & heffings | 9 066 701 | 7 841 848 | -13.5 | 4 | 8 422 955 | -7.1 | |
| Sport, Kultuur, Aanbiedings & Verenigings | 948 109 | 943 078 | -0.5 | | 1 062 003 | 12.0 | |
| Handboek & Onderrig Uitgawes | 471 068 | 508 401 | 7.9 | | 444 793 | -5.6 | |
| **ONDERRIG-UITGAWE TOTAAL** | **10 485 878** | **9 293 327** | **-11.4** | | **9 929 751** | -5.3 | |
| Waardevermindering | 0 | 0 | - | | 0 | - | |
| Ander uitgawes | 46 435 | 45 935 | -1.1 | | 57 805 | 24.5 | |
| Kapitaal projekte | 598 469 | 731 007 | 22.1 | 5 | 1 542 345 | 157.7 | 7 |
| **NIE-ONDERRIG UITGAWE TOTAAL** | **644 904** | **776 942** | **20.5** | | **1 600 150** | 148.1 | |
| **UITGAWE TOTAAL** | **14 439 640** | **13 425 055** | **-7.0** | | **15 147 407** | **4.9** | |
| **Oordrag na Reserwe** | **-200 000** | **0** | | | **0** | **-100.0** | **8** |
| **NETTO INKOMSTE/(TEKORT)** | **-1** | **-535 717** | | | **1** | | |

**Notas tot Begroting 2024**

| | |
|---|---|
| 1 | Slegte skuld en verhoogde wanbetaling by ouers het vereis dat groter aantal rekeninge vir invordering verwys is. |
| 2 | Verminder weens betaling van Graad R salarisse deur WKOD. |
| 3 | Nasorg bring addisionele inkomste. |
| 4 | Graad R salarisse word deur WKOD betaal. |
| 5 | Opgradering van die seuns badkamers is voltooi. |
| 6 | Verhoog om sodoende die kragopwekker se installasiekoste te befonds. |
| 7 | Installering van kragopwekker word ingesluit in hierdie voorgestelde begroting. |
| 8 | Reserwefonds word geskep vir die toekomstige uitbreiding van die nasorg by die skool. |
| | |

| | |
|---|---|
| A | Die voorstel is dus om skoolfonds te verhoog van R1,630 pm (11 maande) na R1,910 pm of dan R21,010 per jaar of 17,18% |

## 2. DEPARTEMENT van GESONDHEID en BASIESE ONDERWYS

Die DEPARTEMENT van GESONDHEID en BASIESE ONDERWYS besoek weer die skole om gesondheidsdienste te lewer. Dit geld vir gr. R tot 7-leerders. Die datum waarop hierdie besoek sal plaasvind is Donderdag, 19 Oktober 2023.

Elke leerder ontvang vandag 'n vrywaringsvorm. Indien u sou belangstel, moet u asseblief die aangehegte Engelse vorm voltooi, deur SLEGS aan te dui of u kind 'n ontwurmingspilletjie ("deworming") toegedien mag word. Meegaande voltooide toestemmingsbrief moet asseblief voor/op Maandag, 16 Oktober 2023, by u kind se klasopvoeder ingehandig word.

## 3. <u>GESINSFEES:</u> <u>VRYDAG, 27 OKTOBER 2023</u>

Op Vrydag, 27 Oktober 2023 is dit tyd om fees te vier! Teken solank hierdie datum aan!
Die GESINSFEES sal bestaan uit `n heerlike MIKRO-MARATHON + GESINSBRAAI/-PIEKNIEK + SKOFFEL-UUR (volwassenes) + SOKKIE (kinders)

- Elke leerder ontvang vandag 'n borgvorm vir die **GESINSFEES @ R100** elk – vra familie/vriende om jou te borg @ R10/letter.
- Al die Mikro-leerders neem (in Interhuisverband) vanaf 15:00 – 18:00 aan die marathon deel.
- Vanaf 18:00 tot 19:00 daag ons almal (ma, pa, ouma, oupa..... ALMAL behalwe die troeteldiere) uit om aan die marathon-pretuur deel te neem.
- `n Spesiale omroeper, Etienne Marais, sal hier wees vir die uitsending van ons eie Mikro 98.0 FM-stasie. Ouers sal tussen 15:00 – 19:00 tuis kan inskakel om na die radiostasie te luister. Hierdie uitsending sal vir 'n feestelike atmosfeer gedurende die marathon sorg.
- Die kosstalletjies beloof om heerlike lekkernye te verskaf – bring gerus vir jou `n geldjie.
- Na afloop van die marathon bly almal en geniet die fees verder d.m.v. `n heerlike **GESINSBRAAI/-PIEKNIEK EN "SKOFFEL'-UUR/SOKKIE.**




- Pak 'n **piekniekmandjie** of bring jou eie vleis om te **braai (eie hout en rooster – braaidromme word verskaf)**



- Bring gerus u eie koelhouer om u dors te les – **'n kurkfooi van R50/koelhouer sal betaalbaar wees.**



- Om alles te kroon, gaan daar 'n **skoffel-uur** vir Pa & Ma wees. Al die kinders gaan ook 'n kans kry om te **sokkie.**

## 4. <u>SPORT:</u> DINSDAG, 10 OKTOBER 2023 tot SATERDAG, 14 OKTOBER 2023

Die week se sport:

***<u>Dinsdag, 10 Okt. 2023:</u>***
- o.13A Hokkieproewe 16:00-18:00 HS De Kuilen se Astro
- Buitemuurse program begin.

***<u>Woensdag, 11 Okt. 2023:</u>***
- o.13A Rugbyproewe 14:30-16:30 by Mikro
- o.13A Netbalproewe 14:30-16:00 by Mikro

***<u>Donderdag, 12 Okt. 2023:</u>***
- o.13A Hokkieproewe 16:00-18:00 HS De Kuilen se Astro

***<u>Vrydag, 13 Okt. 2023:</u>***
- o.13A KFC tennistoernooi by Mikro

***<u>Saterdag, 14 Okt. 2023:</u>***
- o.13A KFC tennistoernooi by Mikro
- o.13A's Afsluiting (Rugby, Netbal, Hokkie) by Mikro

## 5. KWARTAAL 1,2 en 3 - TOPPRESTEERDERS

Hiermee 'n opsomming van ons Toppresteerders tot op datum.  Baie geluk aan hierdie leerders.


**KWARTAAL 1**













## KWARTAAL 2


LAERSKOOL
MIKRO
2023
GRAAD 4 - KWARTAAL 2
AKADEMIESE TOPPRESTEERDERS
TOP 10
LIZE ALBERTS
MICHAAL DE JAGER
RUSSOUW FERREIRA
ISABELLE JACOBSZ
CHARL KINGSLEY
ZIAN KOTZE
NICOLA SWIFT
LIAM VAN NIEKERK
NINA WASSUNG
MICAELA ZWAAN
TOP 20
KIARA BODE
Zoë COETZEE
MELANIE ENGELBRECHT
ISABELLE GOUWS
LEAH GROENEWALD
LIANO JANSEN
LENé KEET
GABRIëL LINGARD
ANIKA LOUW
DANé MOUTON
DANIËL OOSTHUIZEN
ANNABEL SLABBERT
KRISTEN VAN DER
WESTHUIZEN
www.laerskoolmikro.co.za


LAERSKOOL
MIKRO
2023
GRAAD 5 - KWARTAAL 2
AKADEMIESE TOPPRESTEERDERS
TOP 10
ZOÉ BOER
ALRIDA DE VOS
MIA ERASMUS
MJ ERASMUS
TIANA HENDRICKS
JANA LERM
JANRé NIEUWOUDT
SUZELLE NIMMO
ANJA SMIT
MARIA VAN DER MERWE
TOP 20
CHLOë BLOMMAERT J
AKOBUS DE BOD
MIENKE JORDAAN H
ANRU KEYSER
LEHAN KEYSER
WILLEM KOTZE
NINA MARAIS
LISA MARI MATTHEE
WILLIAM RICHARDSON
MIKAYLA SLABBERT
www.laerskoolmikro.co.za


LAERSKOOL
MIKRO
2023
GRAAD 6 - KWARTAAL 2
AKADEMIESE TOPPRESTEERDERS
TOP 10
LEILA BESTER
CHLOE DE WET
ZANDRé DU PREEZ
XIA DU TOIT
JANU JOUBERT
MIGNON KOTZENBERG
LEAH LINDEQUE
ZANICA MULDER
MICKEY MULLER
CALEB SWART
SIMON VILJOEN
LEO VISSER
ETHAN WHITE
TOP 20
NIKITA DU TOIT
MEGAN ERLANK
HOPE MANLEY
TRISHCA MOUTON
DE-WET PIENAAR
PETER SLADE-
KLEINHANS
MELANTÉ SMIT
CALEB SWART
DANIELLE VAN ZYL
LEO VISSER
RICHARD VLOK
www.laerskoolmikro.co.za


LAERSKOOL
MIKRO
2023
GRAAD 7 - KWARTAAL 2
AKADEMIESE TOPPRESTEERDERS
TOP 10
KAEBRE BROWN
LOGAN BURNARD
ENGELA CILLIERS
CALUM FOURIE
DONé JORDAAN
STEHAN MULDER
DANIKA SWIFT
ELANI THERON
LIENKA VAN NIEKERK
NINA VAN WYK
MICHELLE VOSLOO
TOP 20
DUAN ALBERTS
JOSHUA DONOHOE
JANCO DU PLESSIS
HERCU FERREIRA
TALITA LOUBSER
FRANCOIS LOUW
JULIA MOSTERT
HENDRé NAURATTEL
SAMUEL VAN WYK
KAYLIE YOUNG
www.laerskoolmikro.co.za


**KWARTAAL 3**










## 6. <u>GELUKWENSINGS</u>

Die volgende leerders het uitstekend in die Unisa musiekeksamens presteer. Al 5 leerders slaag met Lof en 2 van die leerders is op Unisa se Ererol van Uitblinkers geplaas.

SUZELLE NIMMO slaag voorgraad 1 klavier met Lof (88%)
CALEB SWART slaag gr. 1 klavier met Lof (94%) en word op die Ererol geplaas
PHOENIX KORKIE slaag gr. 1 blokfluit met Lof (90%) en word op die Ererol geplaas.
HERCU FERREIRA slaag gr. 1 saxofoon met Lof (83%)
NICA DE VILLIERS slaag gr. 2 blokfluit met Lof (82%)

Baie geluk met hierdie leerders se pragtige prestasies en al die harde werk en dissipline wat nodig is om 'n musiekeksamen te doen!

7. **ENGELS EERSTE TAAL: GR. 4 – 6**

In hierdie Mikrofokus is 'n afskeurstrokie rakende Engels as Huistaal. Hierdie evaluering geld slegs vir huidige gr. 4- tot 6-leerders wat tans nie Engels Huistaal neem nie. Belangstellende ouers moet die voltooide afskeurstrokie **voor/op Vrydag, 27 Oktober 2023** by die betrokke klasopvoeder inhandig.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
**SKOOLHOOF**

## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.




## OWO-KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.

Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.

10 OKTOBER 2023
17:00-18:30

8 NOVEMBER 2023
17:00-18:30

5 DESEMBER 2023
17:00-18:30

# OKTOBER 2023

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| VAKANSIEDAG | 10 **SKOOL HEROPEN**<br>o.13 Hokkie Proewe vir 2024 | 11<br>o.13 Rugby&Netbal Proewe vir 2024 | 12<br>o.13 Hokkie Proewe vir 2024 | 13<br>Tennis: KFC (T) | 14<br>Tennis: KFC (T)<br>o.13's Afsluiting (Netbal, Rugby, Hokkie) | 15<br>Kooroptrede (NG Kerk Suid) |
| 16<br>SOS Kamp (gr. 6)<br>UNISA Musiekeksamen (Teorie) | 17<br>SOS Kamp (gr. 6)<br>UNISA Musiekeksamen (Teorie)<br>Borgefunksie @ 18:30 | 18<br>SOS Kamp (gr. 6)<br>UNISA Musiekeksamen (Teorie)<br>Graad R Konsert @ 19:00 | 19 **NETHEIDSKONTROLE**<br>Atletiek (W)<br>UNISA Musiekeksamen (Teorie) | 20<br>UNISA Musiekeksamen (Teorie) | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25<br>Sistemiese Evaluering (SLEGS gr. 3 en 6)<br>Atletiek top 15 (W)<br>Musiekkonsert | 26<br>Algemene Jaarvergadering (Begroting 2024) | 27<br>Atletiek top 15 (W)<br>GESINSFEES<br>15:00 TOT LAAT | 28<br>o.13 A Krieket: 6 a side (W) | 29 |
| 30 **STEMWEEK** | 31 **STEMWEEK**<br>Leerderraad en LWO - Gemeenskapsprojek | | | | | |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies. BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander



## ENGLISH HOME LANGUAGE:  SELECTION FOR 2024 (GRADES 4 – 6)

Learners who wish to qualify for English Home Language 2024 will be tested on Thursday, 30 November 2023.  A final selection will be made from this group.  A maximum of 30 learners per class can be accommodated.

Please take note of the following requirements:

- Above 70% for English First Additional Language
- The selection will include:
- A written comprehension test
- A writing piece
- A spelling test
- An informal oral
- The fourth term English FAL mark will also be taken into consideration.

A notification of the selection results will be included in each learner's report at the end of the fourth term.

**ENGLISH HOME LANGUAGE 2024 APPLICATION FORM:**

Name & Surname: ………………………………………………………… Gr. ………………

Parent's signature: ……………………………………

Date: ……………………………






## MOOIKAAP MAMMAS KONFERENSIE

Dit is 'n byeenkoms vir mammas, spesifiek vir mammas met kinders tot en met 18 jaar.

Daar gaan oulike sprekers wees, onder andere die beeldskone Katryn Kruger.

Op die ouderdom van 16 het British Vogue haar as "one of the best new faces" bestempel. Sy het al vir modehuise soos Prada, Louis Vuitton, Dolce & Gabanna, Valentino en vele meer gewerk.

Haar werk kan ook gesien word in internasionale Modetydskrifte soos Harper's Bazaar, Vogue, Elle en Marie Claire.

Katryn het vanaf 'n jong ouderdom die wêreld vol gereis en het baie geleer wat sy met ander kan deel. Sy is ook mamma van die pragtigste blondekop krulhaar seuntjie en steeds 'n baie besige en suksesvolle model.

Daar is kaartjies beskikbaar by die volgende skakel: https://payf.st/208zp

Meer oor Mooikaap Mammas hier: https://www.mooikaapmammas.co.za

